Die mate van konsekwentheid in SMS-Afrikaans

Jako Olivier

J. Olivier, Skool vir Tale, Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus

Opsomming

In SMS-Afrikaans kom inkonsekwentheid van spelling en verkorting van taal na vore en dit word in hierdie artikel ondersoek. In hierdie artikel word ’n oorsig gebied oor die sosiolinguistiese agtergrond waarin SMS-taal funksioneer aan die hand van relevante literatuur. In ’n empiriese ondersoek peil hierdie artikel die mate waarin verkorting deur knipsels en inkortings toegepas word deur universiteitstudente op grond van geslag, soort selfoon, taal, gebruik van Engelse inhoud en verandering in betekenis. Hiervolgens het manstudente die SMS-tekste die meeste verkort. Daar is ook bevind dat die soort selfoon geen beduidende invloed het op die verkorting van SMS-tekste nie. Tog het Afrikaans as moedertaal, die gebruik van Engelse inhoud en die verandering van betekenis wel tot korter SMS-tekste gelei. In ’n tweede deel van die empiriese navorsing het die respondente enkele boodskappe oorgeskryf in SMS-Afrikaans. Uit die ontleding van hierdie response is dit duidelik dat verskillende vorme van fonetiese spelling toegepas word tesame met die uitlating van vokale en diftonge. Engelse woorde, logogramme en klank- of simboolwaardes is ook aangetref. Dit is egter duidelik dat hierdie vorme nie konsekwent deur die navorsingpopulasie of selfs deur individue gebruik word nie. Deur die verkorting word die betekenis vernou of selfs heeltemal verander. Dus is SMS-Afrikaans nie ’n homogene entiteit nie en al word sekere vorme as standaard deur SMS-gebruikers aanvaar, is daar baie variasie, wat egter nie noodwendig kommunikasie tussen gebruikers laat misluk nie.

Trefwoorde: SMS-Afrikaans; SMS-taal; SMS; taalkonsekwentheid; taalverandering

Abstract

The degree of consistency in SMS Afrikaans

SMS Afrikaans displays inconsistency with regard to spelling and shortening of language and this issue is explored in this article. This article provides a literature review of the sociolinguistic background against which SMS language functions. The article empirically determined the degree of shortening through clippings and reductions that are employed by university students in terms of gender, type of cellular phone, mother tongue, use of English content in Afrikaans text messages, as well as change in meaning. In this regard, the male respondents in this study shortened SMS texts the most. Furthermore, the study determined that the type of cellular phone does not have an influence on the shortening of SMS texts.

However, Afrikaans as mother tongue among respondents, the use of English words and elements in Afrikaans texts and the change in meaning did lead to shorter text messages. In the second part of the empirical research, respondents had to rewrite some Standard Afrikaans messages in SMS Afrikaans. From the analysis of these responses it was evident that different types of phonetic spelling were employed together with the omission of vowels and diphthongs. English words, logograms and sound and symbol values were identified. However, it is clear that these spelling elements are not used consistently by the research population or even individuals. Through shortening, the meaning is narrowed or even changed. Therefore, SMS Afrikaans is not a homogenous entity and even if there seems to be some standards accepted by SMS users, a great deal of variation exists; however, this does not necessarily mean that communication is not effective.

Despite the fact that language is not consistent, some standards are accepted for the sake of communication. SMS language displays shortening and non-standard spelling that is employed inconsistently; however, it still seems understandable to the users of SMS language. SMS Afrikaans, like internet Afrikaans, can be considered as a genre of Afrikaans within the context of a certain medium.

SMS language is associated with computer-mediated communication and this form of language is therefore not limited to SMS messages. Language changes and language consistency are aspects that not only have an influence on SMS language, but should, according to the literature, also be regarded in terms of the wider language context. With SMS language, these issues are approached differently and are negatively viewed by the literature and popular media, especially in terms of the influence of SMS language on general language use. The skill to be able to use SMS language effectively, however, shows creative language use and a high level of phonological awareness. The technical context within which SMS language functions can also have an influence on the way language is used. Especially the size restrictions of messages force users to shorten text messages. It is not clear whether SMS language should be considered as written or spoken language and it could rather be regarded as a hybrid form of written and spoken language. Many properties of SMS language, and specifically SMS Afrikaans, are listed in the literature and were also identified in the data. Some of the possible contextual factors influencing the shortening of SMS texts were researched and SMS texts of a group of university students were analysed.

The empirical part of this research consisted of a corpus compiled by making use of a questionnaire that gathered biographical information and messages in Standard Afrikaans rewritten in SMS language by the respondents. Ten messages were compiled from actual SMS text messages that were identified in terms of the typical properties of SMS language, as described in the literature. The source texts were rewritten in Standard Afrikaans and comprised 92 words consisting of 444 characters, including spaces. The data was processed through the use of AntConc corpus linguistic software and MS Excel spreadsheet software. Among other things, the percentages of the shortening of the SMS versions were determined. The consistency of the spelling of repeated words was determined. In this regard, the focus was on the following words (the number of occurrences of the words are listed in brackets): *nie* (7), *die* (5), *ons* (3), *hoekom* (9), *hoor hier* (24), *hoe* (6), *gaan (dit)* (9) and *wonder* (14). These words were chosen as they displayed the most variation. The use of English words, sounds and symbol values was also identified. Furthermore, SMS messages with changes in meaning due to shortening were also identified. The statistical analysis was

done by making use of Statistica software. The research population (n=108) included 73,1% females (n=79) and 26,9% males (n=29). Furthermore, 94,4% (n=102) respondents indicated that Afrikaans is their mother tongue, and only 5,6% (n=6) indicated that English is their mother tongue; however, all the respondents are studying at an Afrikaans-medium university.

The analysis of the data supported the literature with regard to inconsistency and nonstandard forms found in SMS language. From the analysis it is clear that variation does not exist only between different respondents, but also within individuals' SMS messages. It seems that SMS language, due to inconsistent spelling, is quite different from the typical SMS language presented in the media. In some cases, from the data "standard" spelling forms were evident (such as *hkm*, *hu* and *gan*), but generally this was not the case. The spelling of shortened forms followed the pronunciation pattern of words or the omission of certain letters. The empirical part of the article showed that the male students in this study shortened SMS text messages more than the female students did. The type of cellular phones did not have any influence on the shortening of text messages. Responses by mother-tongue speakers of Afrikaans, the use of English content and changes in meaning also resulted in shorter text messages. Respondents were expected to write messages in SMS Afrikaans. The analysis of these responses showed that different forms of phonetic spelling were employed together with the omission of vowels, diphthongs and double consonants. From the analysis it was clear that these forms were not consistently used by the research population. The meanings of the initial messages were narrowed or changed in some SMS text messages.

Therefore, shortening in SMS Afrikaans is done in different ways and sometimes appears to be similar to English. However, shortening is not done consistently. The field of language consistency, especially with regard to SMS language, would require further corpus linguistic studies.

Keywords: SMS Afrikaans; SMS language; texting; language consistency; language change

1. Inleiding

Hierdie artikel het ten doel om die konsekwentheid van spelling en aard van verkorting deur middel van onder andere knipsels en inkortings (Combrink 1990:56–7) by SMS-Afrikaans te ondersoek. Volgens Crystal (2008:32) is SMS-taal, anders as ander taalvariëteite, nog nie gekodifiseer nie en bestaan daar nog baie variasie en word woorde op verskillende wyses gespel. Hierdie stelling is in hierdie artikel aan die hand van ingesamelde empiriese data getoets. Verder is daar gekyk of ander veranderlikes, soos geslag, soort sellulêre telefoon (hierna selfoon) en huistaal, ook 'n rol speel in veral die verkorting van teks in SMS-boodskappe. Hudson (1996:46) maak die volgende opmerking: "Each time we speak or write we not only locate ourselves in relation to the rest of society, but we also relate our act of communication itself to a complex classifactory scheme of communicative behaviour." Op dieselfde manier pas die skrywers wat SMS-taal gebruik, aan by 'n skema waarin dié soort taal gebruik, verstaan of selfs verwag word.

'n Verwante en baie relevante konsep is rekenaarondersteunde kommunikasie (computer-mediated communication) en dit word in die literatuur beskryf as kommunikasie tussen individue wat rekenaars en selfone gebruik (Borochovsky-Bar-Aba en Kedmi 2010:1; Herring 2007). Baron (2008:12) verkies egter die term *electronically-mediated communication* of *EMC* vir taal wat deur verskeie toestelle oorgedra word. Freudenberg (2009:1–2) verbind ook SMS-taal met internettaal wat informeel, gespreksmatig en persoonlik van aard is. Weens hierdie skakel tussen rekenaars en selfone is dit ook duidelik dat SMS-taal nie beperk is tot SMS'e nie, maar ook deur middel van kitsboodskapstelsels (instant messaging) en sosiale netwerke op verskeie koppelvlakke (soos rekenaars en fone) gebruik word (Tagliamonte en Denis 2008).

Baron (2008:150) noem egter dat die konteks van die gebruik van kitsboodskapstelsels verskil van dié van selfone. Onder andere lys Baron (2008:150) die volgende eienskappe van kitsboodskapstelsels wat verskil van SMS'e: al tien vingers word gebruik om die boodskap in te tik, nie noodwendig net die duime nie; kitsboodskapstelsels kan op rekenaar gebruik word en vind plaas terwyl die rekenaar ook vir ander doeleindes gebruik kan word; kitsboodskapstelsels het nie 'n koste-implikasie soos SMS'e nie; daar is ook nie 'n beperking op hoeveel karakters per boodskap gebruik kan word nie; en boodskappe word gewoonlik met meer as een versending gestuur.

'n Verdere tegnologiese aspek is die gebruik van die internet as medium op selfone, en 'n voorbeeld hiervan is MXit. Freudenberg (2009:1) noem ook dat die selfoontoepassing MXit gebruik kan word vir die versending van boodskappe per selfoon. MXit word ook veral gebruik aangesien dit goedkoper as SMS'e is. Toepassings soos BlackBerry Messaging (BBM) kan ook op dieselfde wyse ingespan word. Vir die doel van hierdie studie word die terme *SMS-taal* en *SMS-Afrikaans* gebruik vir die verkorte en niestandaardvorme van taal wat op elektroniese mediums gebruik word ongeag die koppelvlak waarvan dit gestuur word.

Baron (2008:172) maak die volgende opmerking omtrent die konsekwentheid van rekenaarondersteunde kommunikasie: "Because electronically-mediated language is fairly new, its users are still in the process of settling upon conventions that ostensibly will become the new rules to be followed or broken." Dieselfde geld vir SMS-taal waar taalreëls nog aan die ontwikkel is, en hierdie verskynsel word in hierdie artikel ondersoek.

2. Kontekstualisering van SMS-Afrikaans

2.1 Taalverandering en SMS-taal

Met betrekking tot taalverandering bestaan daar vrese dat SMS-taal 'n negatiewe invloed op algemene taalgebruik kan hê. Crystal (1997:330) meld: "Languages are always in a state of flux. Change affects the way people speak as inevitably as it does any other area of human life." Verder noem Crystal dat hierdie verandering nie deur puriste verwelkom word nie. Volgens Raidt (1989:98) is elke lewende taal "gedurig besig om te verander omdat elke geslag sprekers en elke individuele spreker die taal opnuut verwerf, gebruik en oordra". Raidt (1989:98) noem ook:

> By die verwerwing en oordrag van 'n taal speel die norme van die taalgemeenskap 'n belangrike rol, maar diskontinuïteit in die oordrag van taal en die seleksie van bepaalde vorme ten koste van ander lei tot 'n geleidelike verandering van taal.

Daar bestaan vrese onder akademici en in die media dat die taalgebruik onder gebruikers van SMS-taal sal verswak weens die moontlike handhawing van hierdie kommunikasiewyse (Heyns 2009:149; Powell en Dixon 2011:58; Tagliamonte en Denis 2008:4; Thurlow en Brown 2003). Hiermee saam bestaan daar kommer dat SMS-taal ander taalomgewings sal verdring. Uit die literatuur is dit duidelik dat dit reeds in e-posse en op sosialemedianetwerke, soos Facebook, aangetref word (Heyns 2009:150).

Thurlow en Brown (2003) maan egter teen veralgemenings rondom die effek van tegnologie op veral jongmense. Thurlow en Brown (2003) kritiseer Crystal se benadering tot SMS-taal waar dit beskryf word as iets wat jongmense besig hou. Volgens hulle is dit nie net neerbuigend nie, maar onderskat dit ook die belangrike rol wat tegnologie in die sosiale lewe van jongmense speel.

Wannisinghe (2011:18) spekuleer ook omtrent die negatiewe invloed wat SMS-taal kan hê deur die volgende stelling te maak: "With the frequent and familiar use of SMS language, there is a possibility that grammar and syntax will deteriorate among users as it is no longer extensively practiced in writing." Verder is Winzker, Southwood en Huddlestone (2009:3) van mening dat langdurige gebruik van SMS-taal gebruikers se vermoë verswak om tussen SMS-taal en standaard geskrewe taal te onderskei. Volgens die empiriese studie van Winzker e.a. (2009:9) het 58% van die hoërskoolleerders wat hulle ondersoek het, gedink dat SMS'e en MXit die taal in hul skryfwerk beïnvloed. Bezuidenhout (2008:4) sê SMS-taal "belemmer nie net hul [kinders] taalvermoë nie, maar beïnvloed ook hul hand-oog-koördinasie". Jordaan (2008:10) maak die volgende opmerking:

> Oormatige gebruik van SMS-taal programmeer die intellek vir die uiterste afkorting van gedagtegange sonder die hegwerk van grammatika. In so 'n mate dat jy nie meer weet wat is taalmatig nodig om 'n gedagte of 'n argument in logies opeenvolgende volsinne of stellings uit te druk nie. Jy raap hier en skraap daar en kom só oor as onsamehangend en stompsinnig.

Met betrekking tot die gebruik van SMS-taal buite die konteks van mediums soos selfone en rekenaars skryf Heyns (2009:150): "Geen formele navorsing is al oor hierdie verskynsel in Afrikaans gedoen nie, maar informele waarneming kan wel bevestig dat daar elemente van SMS-konvensies in selfs formele skryfwerk van Afrikaanse leerlinge te sien is." Baron (2008:169) is van mening dat 'n toename in die gebruik van niestandaardtaalvorme toegeskryf kan word aan 'n taalgemeenskap wat nie besorg is oor taalreëls nie. Baron (2008:169) verwys ook in hierdie verband na "linguistic whateverism".

Verder verklaar Baron (2008:170) dat 'n akkommoderende benadering tot dialekte korrekte en konsekwente taal nadelig kan beïnvloed:

> The diversity agenda has linguistic implications. We teach our children not to pass judgment on regional dialects or non-native speakers. In the process, we loosen our grip – for better or worse – on a notion of linguistic correctness and consistency.

Hierteenoor is daar wel bronne wat SMS-taal nie as net negatief beskou nie. Tagg (2009:106) merk op dat die spelling van SMS-taal 'n gepaste, kreatiewe respons tot die SMS-situasie is. Crystal (2008:151–3) is na aanleiding van sy navorsing oortuig dat die meeste gebruikers van SMS-taal bewus is van wanneer SMS-taal gebruik moet word en wanneer dit meer gepas is om standaardtaal te gebruik. Tagliamonte en Denis (2008:27) kom ook tot die gevolgtrekking dat, in terme van die taal op kitsboodskapstelsels, gebruikers van 'n afwykende variant (op hierdie medium) dit bewustelik doen. Daar is egter uitsonderings waar taalgebruikers nie die konteksverskil in ag neem nie. Die gebruik van SMS-taal is wel in formele omstandighede, soos eksamens, opgemerk, maar is nie algemeen nie (Crystal 2008:153–5). Crystal (2008:17) maak die stelling dat aangesien daar vir SMS'e betaal word, daar nie sin is om soveel taalreëls te oortree dat die boodskap onverstaanbaar raak nie. Tagg (2009:3) bevraagteken Crystal se gevolgtrekkings, aangesien dit nie op empiriese gronde bepaal is nie.

Powell en Dixon (2011:58–9) toon aan dat die gebruik van SMS-taal ook eerder 'n positiewe effek op geletterdheid van kinders kan hê, juis omdat die gebruik van fonetiese skryfwyse in SMS'e 'n goeie vlak van fonologiese bewustheid by kinders vereis. Tog het Powell en Dixon (2011:63–4) in hul navorsing bevind dat spelfoute in SMS'e wat voor toetsing gelees is, die spelling by volwassenes laat verswak het, maar dat algemene SMS-taal (sogenaamde "textisms", wat knipsels, inkortings en getalle ingesluit het) 'n positiewe invloed gehad het op die spelvermoë van volwassenes. In hierdie ondersoek het die SMS-toetswoord "aQr8" byvoorbeeld eerder die korrekte vorm "accurate" as die verkeerde "accurrate" by die meeste respondente tot gevolg gehad.

Volgens die literatuur is dit duidelik dat SMS'e uit korpora van spesifiek die VSA (minder as 20%) en Noorweë (minder as 6%) verkorte vorme toon (Crystal 2008:22). Net soos radio, films en televisie nie noodwendig spraak beïnvloed nie, is dit deel van baie ander invloede wat wel 'n standaard uitbrei (Milroy en Milroy 1999:25). Op dieselfde wyse is die taal wat op selfone gebruik word, ook slegs een konteks waarin taal gebruik word. Volgens Baron (2008:168) is die verbreking van taalreëls deel van die proses van taalverandering. Tot watter mate die verbreking van taalreëls en -konvensies by SMS-taal ook relevant is vir die taal in die geheel, sal slegs in die toekoms empiries bepaal kan word. Verder noem Milroy en Milroy (1999:25) egter dat daar geen bewyse bestaan dat massakommunikasie noodwendig taaluniformiteit tot gevolg sal hê nie.

Du Plessis (1990:150) sê "[v]erandering impliseer wel variasie, maar variasie impliseer nie noodwendig verandering nie" en voeg by (1990:150) dat ten spyte daarvan dat "inherente veranderlikes" geïdentifiseer kan word, dit steeds nie taalverandering impliseer nie.

Taalverandering is 'n algemene verskynsel wat by die bestudering van taal oor 'n tydperk aangetref word. By SMS-taal word die verandering negatief gereken, aangesien 'n persepsie bestaan dat taalverandering die taal in die algemeen sal laat verswak. Uit die literatuur is dit

egter duidelik dat daar verdeeldheid omtrent die saak is, maar daar is wel empiriese bewyse dat SMS-taal sonder enige negatiewe beïnvloeding gehandhaaf kan word.

2.2 Konsekwentheid van SMS-taal

Inkonsekwentheid by taal is nie beperk tot SMS-taal nie. Milroy en Milroy (1999:19) noem dat met standaardisering gepoog word om vaste waardes in die taal te vestig, oftewel veranderlikheid in spelling en uitspraak uit te skakel. Dikwels word die niestandaardvorme as "verkeerd" geëtiketteer of enige voorbeelde van 'n taalvariëteit wat nie die sogenaamde standaardvariëteit is nie, as minderwaardig of verkeerd gereken (Baron 2008:161). Dit is egter uit die literatuur duidelik dat daar met betrekking tot herstandaardisering gepoog word om dialektiese en niestandaardvariante wel te destigmatiseer en deur die taalstandaardiseringsproses te akkommodeer (Hendricks 2012:44–5; Kotzé 2009). Reeds in 1921 verklaar Sapir (1921:157) dat "language is variable" en dat die taal van individue verskil. Langacker (1973:54) is ook van mening dat sprekers die taalsisteem aanpas by omstandighede ongeag hoe ongewoon die aanpassing mag wees. Tog merk Langacker (1973:54) wel op dat omdat taal se primêre funksie kommunikasie is, sprekers die taal nie net willekeurig vernuwe nie en die taalsisteem tussen sprekers gelyksoortig genoeg moet bly sodat mense mekaar kan verstaan. Hierdie vereiste geld ook vir SMS-taal, waar, ten spyte van verandering, die taal steeds verstaanbaar moet bly ten einde kommunikasie te laat slaag.

Dit is moeilik om presies vas te stel wat SMS-taal omvat, maar ter wille van hierdie studie is dit niestandaardvorme van afkortings, knipsels en inkortings (Combrink 1990:56–7) wat per SMS (of soortgelyke medium) getik en versend word. Hoewel verkortings in beide die standaardtaal en ander variëteite van die taal aangetref word, gaan dit hier oor vorme wat juis inkonsekwent en dikwels nie aanvaarde afkortingsvorme is nie. Hierdeur word egter geen waarde-oordeel oor niestandaardvariëteite geïmpliseer nie. Verder is SMS-taal ook baie verkort weens die beperking van 160 karakters per SMS.

Jansen van Vuuren (2007:250) noem dat SMS-taal, soos kletskamertaal, 'n "eiesoortige spelkonvensie daarstel en regverdig". Heyns (2009:149) voer die skep van SMS-taal terug tot die feit dat dit baie "ongemaklik, tydrowend en onnatuurlik" is om die toetsbord van 'n selfoon te gebruik. Hierdie faktor word ook deur Crystal (2008:65) ondersteun. Die konsep van verkorte taal (by implikasie SMS-taal) is nie nuut nie, aangesien mense nog altyd met taal speel – slegs die selfoon as medium is nuut (Crystal 2008:27). Wat Engels betref, voer Crystal (2008:43) byvoorbeeld die gebruik van die afkorting *NB* terug tot 1673 en van *IOU* tot 1617.

Ook Baron (2008:176) wys daarop dat die gebruik van afkortings en verkorte vorme van woorde al van voor die gebruik van selfone in die taal bestaan. Tagg (2009:106) meen ook dat die onkonvensionele spelling van SMS-taal soortgelyk is aan die spellingvariasie wat by Middeleeuse handgeskrewe tekste, vroeë drukpraktyke, Victoriaanse briewe, bewonderaarstydskrifte, kinderskryfwerk en ander vorme van elektroniese kommunikasie aangetref is.

Deumert en Masinyana (2008:117) noem ook dat taalgebruik beïnvloed word deur die toenemende gebruik van elektroniese mediums soos rekenaars of selfone. Verder word die

gebruik van SMS-taal ook gekoppel aan die gebruik van ’n bepaalde kode om deel te wees van ’n sosiale groepering (Crystal 2008:57, 93).

SMS-taal kan ook nie bloot willekeurige verkorting bevat nie en Choudhury, Saraf, Jain, Mukherjee, Sarkar en Basu (2008:157) skryf ook dat "the characters and words cannot be deleted arbitrarily, as it may seriously hamper the understandability of the message."

Dus veronderstel die kommunikasie-eis ’n mate van ordening by SMS-taal. By die gebruik van SMS-taal in die media (vgl. Snyman 2011:11) word dit ook as ’n konsekwente taalvariëteit voorgestel. Die mate van konsekwentheid in die ordening van SMS-taal dryf hierdie navorsing.

2.3 Tegniese agtergrond

Die afkorting *SMS* kom van die Engelse frase *Short Messaging System* (Baron 2008:128; Crystal 2008:3; Thurlow en Brown 2003) en is direk so in Afrikaans oorgeneem. In sekere Engelssprekende lande staan hierdie soort boodskappe ook as "texts" bekend en word die handeling van skryf van SMS’e "texting" genoem (Borochovsky-Bar-Aba en Kedmi 2010:1). In Afrikaans kan *SMS* as beide selfstandige naamwoord en werkwoord funksioneer. Die dikwels aangehaalde definisie van ’n SMS deur Thurlow en Brown (2003) is: "SMS may be broadly defined as asynchronous, text-based, technologically mediated discourse." SMS’e word as asinchroon of ongelyktydig beskou aangesien daar nie noodwendig, soos met ’n telefoonoproep of internetkletskamer, ’n direkte antwoord dadelik verwag word nie.

Die aard van SMS-taal word bepaal deur tegniese aspekte soos die grootte van knoppies en die skerm van die medium waarmee die SMS-boodskap geskep of gelees word (Borochovsky-Bar-Aba en Kedmi 2010:2; Choudhury e.a. 2007:158). Dus is dit belangrik om ’n oorsig te bied van die tegniese omgewing waarbinne SMS-taal ontstaan.

Tipies het selfone tussen 12 en 15 knoppies met karakters wat op knoppies gedeel word of ’n volledige QWERTY-toetsbord met ’n knoppie vir elke karakter soos dié van ’n rekenaartoetsbord (Crystal 2008:65).

Die ITU (2001:1–4) se regulasie E.161 stel die volgende uitleg vir telefone en selfone voor:



Figuur 1. Telefoon- en selfoonuitleg volgens ITU-regulasie E.161

Volgens Choudhury e.a. (2007:158) word die "spelfoute" in SMS-taal dikwels gebruik weens die aantal knoppies van die toestel waarmee dit geskep word. Dus is die uitleg van die SMS-koppelvlak 'n moontlike rede vir die niestandaardverkortings wat gebruik word.

Die eerste SMS'e is reeds in die 1990's gestuur en die gebruik daarvan neem toe onder andere weens die lae koste wat daaraan verbonde is. Deumert en Masinyana (2008:117) noem dat die heel eerste SMS in 1992 deur Neil Papworth vanaf sy rekenaar na sy kollegas by Vodafone in die Verenigde Koninkryk gestuur is (vgl. Carrier en Benitez 2010:167–8; Freudenberg 2009:1).

Vir tale soos Afrikaans, wat die Romeinse alfabet gebruik, kan 'n SMS-boodskap 160 karakters bevat. Hierdie beperking is deur die 3GPP (2011:9, 15) gestel na aanleiding van die versendingsbeperking van 140 grepe (1 greep = 8 bisse) per boodskap (Carrier en Benitez 2010:168; Wannisinghe 2011:12). Borochovsky-Bar-Aba en Kedmi (2010:2) noem egter dat hierdie beperking toenemend nie meer van belang is nie, aangesien selfoonstelsels meer as een boodskap aanmekaar kan las en verskeie SMS'e dan as een "boodskap" versend. Ook die gebruik van internettegnologie in die versending van boodskappe maak die karakterbeperkings irrelevant.

Die groepering van alfabetkarakters op selfoonknoppies is nie gebaseer op hoe gereeld karakters gebruik word nie. Hieroor noem Crystal (2008:67) dat dit minder moeite verg om byvoorbeeld die karakter "q" as "s" te tik, al word die laasgenoemde gereelder in Engels gebruik. Ook met betrekking tot Afrikaans is dit relevant, aangesien "q" ook selde in Afrikaans gebruik word, maar met minder moeite as "s" getik kan word.

Dus het die tegniese konteks waarin SMS-boodskappe geskep word, 'n definitiewe invloed op die manier waarop taal op bepaalde elektroniese toestelle gebruik word.

2.4 Redes vir die gebruik van SMS-taal

Verskillende redes kan vir die gebruik van SMS-taal aangevoer word. In 'n studie deur Winzker e.a. (2009:6) word die gebruik van SMS-boodskappe teruggevoer na informele kommunikasie tussen vriende gevolg deur die verkryging van inligting. Die gewildheid van die gebruik van SMS'e kan ook toegeskryf word aan die feit dat dit goedkoper is om 'n SMS te stuur as om 'n oproep te maak (Crystal 2008:92; Ling 2005:335).

Na 'n evaluering van 'n aantal SMS-boodskappe het Thurlow en Brown (2003) nege breë kategorieë geïdentifiseer: verkry van praktiese inligting, inligting oor verhoudings, praktiese tref van reëlings, sosiale reëlings, groetvorme, onderhou van vriendskappe, romantiese boodskappe, boodskappe van 'n seksuele aard en kettingboodskappe. Volgens Crystal (2008:32) bepaal die funksie wat 'n SMS-boodskap moet vervul, die soort taal wat gebruik word.

In Suid-Afrika is die meeste (80%) selfoongebruikers voorafbetaalde (prepaid) kliënte (Deumert en Masinyana 2008:118). In 'n studie van Deumert en Masinyana (2008:121–2), wat bestaan het uit 312 SMS'e van 22 Xhosasprekendes tussen die ouderdomme van 18 en 27, is bevind dat net onder 50% van die SMS'e gebruik is om vriendskapsverhoudings te

handhaaf, gevolg deur 19% vir boodskappe wat verband hou met liefdesverhoudings, 10% vir praktiese en sosiale reëlings en 7% vir kettingboodskappe.

2.5 SMS-taal: ’n kombinasie van gesproke en geskrewe taal

’n Aspek wat in ag geneem moet word by die ontleding van SMS-taal, is of dit as gesproke of geskrewe taal hanteer moet word. Ling (2005:347–8) assosieer SMS-taal met gesproke taal, aangesien dit baie informeel en kortstondig van aard en ook gewoonlik aan ’n bepaalde persoon gerig is. Verder word, deur Ling (2005:347–8), opgemerk dat daar ook kenmerke van geskrewe taal is, aangesien ander deelnemers aan ’n "gesprek" nie noodwendig op dieselfde fisiese plek is nie en die inhoud meer terughoudend as algemene gesproke taal is.

Borochovsky-Bar-Aba en Kedmi (2010:2) noem dat daar twee benaderings bestaan: SMS-taal as ’n hibridiese vorm tussen gesproke en geskrewe taal óf die taal as ’n variëteit wat op ’n nuwe evolusionêre vlak lê waar geskrewe en gesproke taal geïntegreer word. Ondanks die navorsing waarop hierdie stellings bou, kan ’n oordeel uitgespreek word eers as die variëteit (indien dit wel bestaan) oor ’n tydperk empiries nagevors kan word. Borochovsky-Bar-Aba en Kedmi (2010:2) het ook duidelike verskille aangetoon tussen SMS-taal en gesproke en geskrewe taal.

Tagliamonte en Denis (2008:5) het bevind dat die taal op kitsboodskapstelsels eienskappe van beide informele gesproke en formele geskrewe registers bevat en dat dit hier oor ’n hibridiese register gaan.

Al erken Borochovsky-Bar-Aba en Kedmi (2010:6, 24) dat SMS-taal verwant is aan gesproke taal, kritiseer hulle die verband, aangesien hulle nie tipiese eienskappe van gesproke taal, soos onvoltooide uitings en inkonsekwente sintaksis, in hul korpus van SMS-taal gevind het nie. ’n Kenmerkende eienskap wat SMS-taal wel met gesproke taal deel, is die feit dat dit baie interaktief is (Borochovsky-Bar-Aba en Kedmi 2010:16).

Mostari (2009:384) noem dat SMS-taal wat in Algerië opgemerk is, verband hou met gesproke taal en dat selfs taalvariëteite wat niestandaard is, ook gebruik is. Thurlow en Brown (2003) ondersteun hierdie stelling en noem dat daar nie ’n groot verskil tussen gesproke taal en SMS-taal is nie.

SMS-taal het eienskappe van beide geskrewe en gesproke taal. In hierdie verband noem Milroy en Milroy (1999:56) dat taaluniformiteit eerder by geskrewe taal aangetref word. Verder word aangeneem dat slegs geskrewe taal ten volle gestandaardiseer kan word, teenoor gesproke taal, waarin niestandaardvariasie toegelaat word (Milroy en Milroy 1999:18). In dié studie is bevind dat SMS-taal nie konsekwent is nie en dus nie net met geskrewe taal geassosieer kan word nie. Milroy en Milroy (1999:58) beklemtoon juis die feit dat veranderlikheid, oftewel inkonsekwentheid, by gesproke taal aangetref word. Hierdie veranderlikheid vind plaas weens sosiale faktore.

Dus, as hibridiese taalvorm, oftewel gesproke taal wat in ’n geskrewe formaat voorkom, het SMS-taal eiesoortige eienskappe wat op beide gesproke en geskrewe taal lyk, wat in die bestudering van hierdie taalvorm in ag geneem moet word.

3. Eienskappe van SMS-Afrikaans

Ten einde SMS-Afrikaans te beskryf, is dit nodig om 'n oorsig te kry oor algemene eienskappe van SMS-taal soos dit in die literatuur weergegee word. Hier is ook opmerkings omtrent Engelse SMS-taal van belang, aangesien dit dieselfde eienskappe as SMS-Afrikaans kan hê.

Borochovsky-Bar-Aba en Kedmi (2010:2) beskryf SMS-taal as 'n eiesoortige rekenaarondersteunde diskoersgenre wat unieke taaleienskappe bevat.

Thurlow en Brown (2003) onderskei die volgende drie sosiolinguistiese grondbeginsels wat die aard van SMS-boodskappe bepaal:

- kortheid en spoed
- paralinguistiese herstelling
- fonologiese benadering.

Soos reeds genoem (1 hier bo) is die kenmerke van SMS-taal wat deur Crystal (2008:37) geïdentifiseer word, nie uniek nie, aangesien dit ook op ander vorme van rekenaargebaseerde kommunikasie aangetref word. In sekere gevalle is dit selfs in ouer vorme van taal gebruik. Crystal (2008:37–52) onderskei tussen die volgende unieke kenmerke:

- piktogramme (soos emotikons *:-)*) en logogramme (@ vir *teen* of die gebruik van *6* in *suk6* in plaas van *sukses*)
- beginletters (*HGD* vir *hoe gaan dit*)
- uitgelate letters (*wrk* vir *werk*)
- niestandaardspellings (*mut* vir *moet*)
- knipsels (*kla* vir *klaar*).

Diakritiese tekens word internasionaal by SMS-taal uitgelaat ook weens die feit dat sekere selfone sekere tekens glad nie ondersteun nie, of ter wille van die moeite wat dit verg om 'n spesiale karakter in te voeg (Crystal 2008:124–5). Hierdie situasie het ook 'n invloed op die gebruik van die deelteken en kappie in Afrikaanse SMS-boodskappe.

Die gebruik van beginletters as woorde en die uitlaat van letters word ook aangetref by afkortings en akronieme. In hierdie konteks verwys *afkorting* na 'n aanvaarde verkorte vorm van 'n woord of woorde en *akroniem* na 'n nuwe woord wat as verkorting van 'n woord of woorde geskep word uit die eerste letters van die woorde of morfeme van die oorspronklike vorm (Combrink 1990:55–6). Crystal (2008:203–5) lys die volgende items wat in Nederlands gebruik word en ook in die versamelde data aangetref is: *d* vir *die*, *dt* vir *dat*, *j* vir *jij* of vir *jou*, *ma* vir *maar*, *k* vir *ik*, *kn* vir *kan* en *vn* vir *van*.

Crystal (2008:18–9) noem dat afkappingstekens in SMS-taal gebruik word – spesifiek met verwysing na Engels – nie om verstaanbaarheid te verseker nie, maar juis om aan reëls te voldoen. Die gebruik van afkappingstekens werk ook die gedagte teen dat SMS-taal se struktuur afhang van hoe vinnig 'n boodskap getik kan word, aangesien dit, volgens Crystal (2008:18), tussen vier en ses knoppies neem om 'n afkappingsteken te kry. Hierdie aspek is

belangrik by Afrikaans by die gebruik van byvoorbeeld die onbepaalde lidwoord *'n*. Die woord word dan soms slegs as *n* weergegee.

Heyns (2009:151–2) identifiseer die volgende eienskappe van SMS-Afrikaans wat ooreenstem met die eienskappe wat deur Saal (2012) uitgelig is:

- Leestekens en hoofletters word weggelaat of in oormaat gebruik.
- Die klank en/of simboolwaarde van syfers word ingespan.
- Emotikons, soos :-), word gebruik om emosie, humor of ironiese kommentaar te lewer.
- Standaardafkortings en nuutgeskepte niestandaardafkortings word algemeen gebruik.
- Weglating van lidwoorde, voornaamwoorde, hulpwerkwoorde, vraagwoorde en dubbele ontkenning kom algemeen voor.
- Die boodskappe is linguisties kompak.
- Weglatings (uitlaat van letters, soos bv. by *hkm* vir *hoekom*), inkortings (korter woorde wat na aanleiding van langer woorde gevorm word met inagneming van oorspronklike woord se morfologie, bv. *foon* vir *selfoon*) en knipsels (korter woorde wat na aanleiding van langer woorde gevorm word sonder inagneming van die oorspronklike woorde se morfologie, bv. *ko* vir *kom*) word algemeen gebruik.
- Fonetiese skryfwyse kom algemeen voor.

Hierdie eienskappe sluit aan by die kategorieë van niestandaardtaal wat deur Thurlow en Brown (2003) geïdentifiseer is in 'n ondersoek van 544 SMS-boodskappe van 135 universiteitstudente: verkortings, weglating van letters in woorde en aan die einde van woorde, akronieme en beginletters, letter- en getalhomofone, spel- en tikfoute, onkonvensionele spellings asook aksentstilerings.

SMS-taal word ook geassosieer met die taal van kletskamers of rekenaarkommunikasie (1 hier bo), veral in terme van die gebruik van emotikons en afkortings (Thurlow en Brown 2003). In hierdie verband is eienskappe soos verkorting en fonetiese skryfwyse ook al in Internetafrikaans geïdentifiseer (Verhoef 2001:8–11). Jansen van Vuuren (2007:240) beklemtoon egter dat, met betrekking tot Internetafrikaans, verkorting eerder by aanlyn kletskamers as op webwerwe en in e-pos gebruik word. Wannisinghe (2011:18) noem in hierdie verband dat sekere selfone geïntegreerde emotikons beskikbaar het wat in boodskappe gebruik kan word. Winzker e.a. (2009:8) noem dat gebruikers van SMS-taal – in dié studie met betrekking tot hoërskoolleerders – erken dat emotikons as 'n unieke kenmerk van SMS-taal gereeld gebruik word. Mostari (2009:383) identifiseer ook tipografiese simbole wat gevoel uitdruk. Hierby word emotikons, herhalings, leestekens en sekere letters ingesluit.

Thurlow en Brown (2003) het bevind dat die verkorting van SMS-taal nie noodwendig die taal onverstaanbaar maak nie en dat in sy navorsing met universiteitstudente slegs 20% van die totale SMS-teks uit afkortings bestaan het. Tagliamonte en Denis (2008:5) het ook

bevind dat die gebruik van niestandaardvorme en afkortings op kitsboodskapstelsels baie selde (3% van die data) gebruik word.

'n Belangrike eienskap van SMS-taal wat in hierdie artikel nagevors word, is die konsekwentheid van SMS-taal. Uit die literatuur blyk dit dat SMS'e in byvoorbeeld Arabies (Mostari 2009) en Noorweegs (Ling 2005) nie konsekwente spellingvorme vertoon nie. Mostari (2009:383) het met 'n sosiolinguistiese ondersoek van SMS-taal in Algerië bevind dat daar nie konsensus onder Arabiese gebruikers van selfone is oor die gebruik van afkortings nie. Tog noem Mostari (2009:383) dat daar wel konsekwentheid is met die gebruik van Frans en Engels, aangesien daar webwerwe is wat lyste bied van die afkortings wat gebruik kan word. Indien enige vergelykings met Afrikaans gemaak word, moet in gedagte gehou word dat in die Arabies waarna Mostari (2009) verwys, die taal in Romeinse letters getranslitereer word. Thurlow en Brown (2003) noem ook dat SMS'e soms persoonlike styl en register vertoon en dat kontekstuele faktore variasie tot gevolg kan hê.

Uit die literatuur is dit duidelik dat gewone taal by SMS-boodskappe op 'n kreatiewe wyse verkort en aangepas word. Enkele kontekstuele faktore wat 'n invloed het op die verkorting van SMS-tekste word vervolgens ondersoek, tesame met 'n ontleding van SMS-tekste ten einde die aard van die verkorting en konsekwentheid te bepaal.

4. Empiriese navorsing

4.1 Navorsingspopulasie

Die navorsingspopulasie vir hierdie artikel het uit 'n steekproef van 108 studente vanuit verskillende fakulteite bestaan. Aangesien die doel van hierdie studie is om die konsekwentheid van SMS'e te beskryf en nie noodwendig veralgemenings te maak nie, is daar van gerieflikheidsteekproefneming gebruik gemaak.

4.2 Dataversameling

Vir die empiriese gedeelte van hierdie navorsing is 'n korpus (Baker 2010:93) opgestel deur middel van 'n vraelys wat biografiese inligting asook boodskappe in SMS-taal versamel. Tien boodskappe is gebruik uit werklike SMS'e wat geïdentifiseer is en volgens die literatuur tipiese eienskappe van SMS-taal vertoon. Die bronteks is in Standaardafrikaans oorgeskryf en bevat 92 woorde, of 444 karakters, insluitend die spasies. Die boodskappe is:

> Hoekom? Hoor hier ons moet vinnig koffie drink en pasteitjies eet.
>
> Wanneer kom jy terug huis toe? Vanaand?
>
> Ek wonder hoe dit met jou gaan.
>
> Dankie. Sien jou die sesde.
>
> Ek sal dit nie môre of die naweek kan maak nie.

Waar is jy? Ek gaan nou maar klas toe.

Help! Vir die derde keer werk my kaart nie by die hek nie. Ek's klaar laat.

Ag nee, jou aansoek was toe nie suksesvol nie.

'n Deel van die werk is vir my baie lekker.

Anders kan ons doen wat ons wil.

Die respondente moes hierdie boodskappe oorskryf soos hulle dit in SMS-Afrikaans sou tik.

4.3 Dataverwerking

Die data is met behulp van die korpuslinguistieksagteware AntConc en MS Excel-sigbladsagteware verwerk. 'n Korpusondersoek is as geskik vir hierdie ondersoek beskou, aangesien hier met werklike data elektronies gewerk word en afleidings op 'n induktiewe wyse gemaak word (Baker 2010:93–4). Onder andere is die persentasie waarmee elke SMS-weergawe verkort is, bereken. Die konsekwentheid van spelling van woorde wat herhaal is, is geïdentifiseer. Hier is veral gekyk na die volgende woorde (aantal vorme word in hakies aangedui):*nie* (7), *die* (5), *ons* (3), *hoekom* (9), *hoor hier* (24), *hoe* (6), *gaan (dit)* (9) en *wonder* (14). Hierdie woorde is geïdentifiseer aangesien hulle die meeste variasie vertoon het. Die gebruik van Engelse woorde of klank- of simboolwaardes is geïdentifiseer. Verder is gekyk of die betekenis van elke SMS-boodskap verander is met die verkorting daarvan. Die statistiese ontleding[1] is deur middel van Statistica-sagteware gedoen.

5. Resultate

5.1 Biografiese inligting

Van die navorsingspopulasie (n=108) was 73,1% vroulik (n=79) en 26,9% manlik (n=29). Verder het 94,4% (n=102) aangedui dat hul moedertaal Afrikaans is en slegs 5,6% (n=6) Engels, maar al die studente studeer deur die medium van Afrikaans.

Inligting is omtrent die frekwensie van die gebruik van selfone vir die versending van SMS'e ingewin en dit word in Figuur 2 weergegee.



Figuur 2. Frekwensie van gebruik van selfone vir SMS'e

Hiervolgens het die meeste van die respondente, nl. 31% (n=34), aangedui dat hul minstens een keer elke drie ure SMS'e stuur. Hierteenoor is dit duidelik dat 50% (n=53) van die respondente een keer per uur of meer gereeld (elke 15 of 30 minute) SMS'e stuur. Dus kan afgelei word dat die respondente gereelde SMS-gebruikers is en dus wel inligting omtrent hierdie verskynsel kan verskaf, alhoewel daar ten spyte van hierdie gebruik steeds nie wyer veralgemenings omtrent SMS-taal gemaak kan word nie.

5.2 SMS-boodskappe

5.2.1 Verkorting

Uit die literatuur was dit duidelik dat verkorting deur die gebruik van afkortings, knipsels en inkortings een van die metodes in die gebruik van SMS-taal is (vgl. 3 hier bo). Hierdie verskynsel is ook by die empiriese data aangetref, waar die gegewe teks gemiddeld verkort is tot 80% van die oorspronklike aantal karakters. Die mate van verkorting is ook vergelyk met inagneming van geslag, soort selfoon, taal, gebruik van Engelse inhoud en verandering van betekenis.

Tabel 1. Mate van verkorting volgens geslag

Geslag	Gemiddeldes		t-waarde	Vryheidsgrade	p-waarde
	Vroulik	Manlik			
	81,9734	77,4309	2,6037	106	0,0105

Aangesien die p-waarde minder as 0,05 is, kan gestel word dat daar 'n beduidende verskil bestaan tussen verkorting deur manlike respondente teenoor vroulike respondente. Die gemiddelde verkorting deur vroulike respondente was 81,9734% van die oorspronklike sinslengte terwyl die manlike respondente die teks verkort tot 77,4309%.

Tabel 2. Mate van verkorting volgens soort selfoon

Qwerty-selfoon	Gemiddeldes		t-waarde	Vryheidsgrade	p-waarde
	Nee	Ja			
	80,1801	81,2125	–0,6444	106	0,5207

'n Qwerty-selfoon is 'n selfoon met 'n toetsbord wat soos 'n rekenaartoetsbord lyk. Uit hierdie statistiek is dit duidelik dat die gebruik van Qwerty-selfone nie 'n verskil maak in terme van die verkorting van teks nie. Die p-waarde van 0,5207, wat meer as 0,05 is, dui daarop dat daar geen beduidende verskil is tussen die gemiddeldes van respondente wat Qwerty-selfone het (81,2125%) of nie het nie (80,1801%).

Tabel 3. Mate van verkorting volgens moedertaal

Respondente se moedertaal	Gemiddeldes		t-waarde	Vryheidsgrade	p-waarde
	Afrikaans	Engels			
	80,2861	88,7012	–2,4863	106	0,0144

Die respondente se moedertaal het ook 'n beduidende verskil tussen Afrikaans- en Engelssprekendes getoon met 'n p-waarde van 0,0144 wat kleiner is as 0,05. Die Afrikaanssprekendes het die teks gemiddeld meer verkort (80,2861%) as die Engelssprekendes (88,7012%). Hier moet in gedagte gehou word dat slegs 5,6% (n=6) van die respondente aangedui het dat Engels hul moedertaal is en aangesien die teks wat vir hierdie studie gebruik is, Afrikaans is, die gebruik van SMS-taal in 'n ander taal vir die respondente moontlik vreemd kon wees.

Tabel 4. Mate van verkorting volgens insluiting van Engelse inhoud

Engelse inhoud	Gemiddeldes		t-waarde	Vryheidsgrade	p-waarde
	Nee	Ja			
	82,5607	75,8310	4,0137	106	0,0001

Ongeag die moedertaal van die respondente is die gebruik van Engelse woorde of klankwaardes in SMS-taal by verskeie van die respondente aangetref. Die p-waarde van 0,0001, kleiner as 0,05, dui op 'n beduidende verskil tussen die verkorting van die teks deur die respondente wat Engelse inhoud insluit en dié wat dit nie doen nie. Die respondente wat Engelse inhoud gebruik, het ook hulle teks die meeste verkort (75,8310%) teenoor die respondente wat slegs Afrikaanse inhoud gebruik (82,5607%).

Tabel 5. Mate van verkorting volgens betekenisverskil

Verskil in betekenis	Gemiddeldes		t-waarde	Vryheidsgrade	p-waarde
	Nee	Ja			
	82,1329	68,5613	5,9249	106	0,0000

'n Beduidende verskil (p-waarde van 0,0000) is ook aangetref in terme van die verkorting van teks deur die verandering van die betekenis. Die gemiddelde verkorte weergawe van respondente wat die betekenis van die teks verander het, was 68,5613%, terwyl diegene wat nie die betekenis verander het nie, 'n gemiddelde verkorting tot 82,1329% getoon het.

Dus: in hierdie studie het manlike respondente die tekste meer verkort as die vroulike respondente. Daar is verder bevind dat die soort selfoon, hetsy die standaardformaat met twaalf knoppies of 'n Qwerty-foon, volgens die respondente geen impak op die verkorting van SMS-boodskappe het nie. Met betrekking tot moedertaal het die Afrikaanssprekendes – die oorgrote meerderheid van die navorsingspopulasie – die meeste verkorting toegepas. Ongeag hulle moedertaal het diegene wat Engelse woorde of klankwaardes in hul SMS-boodskappe ingesluit het, ook die meeste van hul SMS-boodskappe verkort. Indien die betekenis van die oorspronklik tekste verander is, is verkorting ook eerder aangetref.

5.2.2 Konsekwentheid van spelling

Uit die literatuur is dit duidelik dat dit moeilik is om te bepaal of die variasie wat in die spelling van SMS-boodskappe aangetref word, 'n sistematiese keuse deur 'n aantal skrywers of slegs van 'n individu is, dus is wyer empiriese studies nodig (vgl. Crystal 2008:57–8). Hierdie studie wil in hierdie opsig enkele tendense ten opsigte van juis Afrikaans beskryf.

Met die woord *nie* is die alternatiewe spelling *ni*, asook 'n verkorte fonetiese skryfwyse aangetref. In terme van die verkorte fonetiese skryfwyse is *hek nie* byvoorbeeld as *heki* of selfs *hekni* geskryf. In sekere gevalle is dieselfde metode gebruik om beide *nie* en *die* te verteenwoordig met *my kaarti byi heki* vir *my kaart nie by die hek nie*. Sewe kategorieë word in Tabel 6 geïdentifiseer.

Tabel 6. Skryfwyse van *nie*

nie	**n**	**%**
Slegs *ni*	38	34,9
ni en *nie*	24	22,0
ni en verkorte fonetiese skryfwyse wat eindig op *i*	21	19,3
Slegs *nie*	18	16,5
ni, *nie* en verkorte fonetiese skryfwyse wat eindig op *i*	6	5,5
nie en verkorte fonetiese skryfwyse wat eindig op *i*	1	0,9
verkorte fonetiese skryfwyse wat eindig op *i*	1	0,9
Totaal	109	100

Benewens die 16,5% (n=18) wat *nie* en 34,9% (n=38) wat *ni* gebruik het, het 48,6% (n=53)

van die respondente meer as een spellingwyse vir die woord *nie* in hul SMS-boodskappe gebruik. Die spelling is duidelik nie net onder respondente inkonsekwent nie, maar ook by tekste van dieselfde respondente.

Uit die versamelde data is vier verskillende spellings vir die woord *ons* geïdentifiseer: *ons*, *ns*, *os* en *oz*. Daar is ook opgemerk dat 23% (n=25) van die respondente meer as een spelling van dié woord gebruik het. Die woord *die* is ook as *d*, *di* of slegs as die letter *i* as uitgang by verkorte fonetiese skryfwyse gebruik. Van die respondente het 26% (n=28) een skryfwyse gebruik, met 58% (n=63) wat meer as een spelling en 16% (n=17) drie verskillende spellings gebruik het.

Uit die data is daar nege verskillende spellings vir die woord *hoekom* sigbaar. Die meerderheid respondente (56,9%) gebruik die vorm *hkm*, gevolg deur *hukm* (16,5%) en die standaardspelwyse *hoekom* (9,2%).

Tabel 7. Skryfwyse van *hoekom*

hoekom	**n**	**%**
hkm	62	56,9
hukm	18	16,5
hoekom	10	9,2
huko	7	6,4
hk	4	3,7
hoeko	3	2,8
hoekm	2	1,8
hokm	1	0,9
hkom	1	0,9
Totaal	109	100

Die woorde *hoor hier* word saam hanteer, omdat sekere respondente dit in een woord gekombineer het. Hierdie item het 23 variasies vertoon, met *hori* as die algemeenste vorm, met 24,8% van die respondente wat die vorm gebruik. Hierdie woordpaar lewer ook 'n problematiese kombinasie *hr hr* op waar twee verskillende woorde op dieselfde wyse voorgestel word en dus effektiewe kommunikasie kan belemmer. Verder is die *oo*-klank ook deur twee respondente as 'n *6* weergegee (*h6r hier* en *h6r hi*) en word die klankwaarde "ses" duidelik nie hier geïmpliseer nie.

Tabel 8. Skryfwyse van *hoor hier*

Hoor hier	**n**	**%**
hori	27	24,8
hoor hier	15	13,8
hor hier	10	9,2
hor hie	9	8,3
woord uitgelaat	9	8,3
hoor hie	8	7,3

hor hi	5	4,6
ho hie	3	2,8
slegs die woord *hoor*	2	1,8
hr hie	2	1,8
hoorie	2	1,8
hoori	2	1,8
hoo hie	2	1,8
ho hier	2	1,8
ho hi	2	1,8
hri	1	0,9
hr hr	1	0,9
hr hir	1	0,9
hr hi	1	0,9
horie	1	0,9
hoor hr	1	0,9
hoo hi	1	0,9
h6r hier	1	0,9
h6r hi	1	0,9
Totaal	109	100

By die woord *hoe* is dit duidelik dat *hu* die algemeenste vorm is, aangesien net meer as die helfte (50,5%) van die respondente hierdie vorm gebruik gevolg deur 37,6% van die respondente wat die woord in die oorspronklike vorm behou.

Tabel 9. Skryfwyse van *hoe*

hoe	**n**	**%**
hu	55	50,5
hoe	41	37,6
ho	8	7,3
h	3	2,8
hoet	1	0,9
woord uitgelaat	1	0,9
Totaal	109	100

Die woord *gaan* word deur die meeste respondente (59,2%) verkort tot die knipsel *gan*. Behalwe enkele respondente (14,7%) wat die oorspronklike vorm behou, is die vorme *gn* en *ga* ook deur 'n hele aantal respondente (12,4% en 9,2% onderskeidelik) gebruik. By minstens drie gevalle (*hgd*, *ganit* en *gandit*) is die frase *hoe gaan dit* of *gaan dit* saamgevoeg tot een "woord".

Tabel 10. Skryfwyse van *gaan (dit)*

gaan	**n**	**%**
gan	129	59,2
gaan	32	14,7
gn	27	12,4
ga	20	9,2
hgd	3	1,4
woord uitgelaat	2	0,9
ganit	2	0,9
g2n	2	0,9
gandit	1	0,5
Totaal	218	100

Die woord *wonder* vertoon heelwat variasie, met geen variasie wat as algemene vorm uitstaan nie. In die meeste gevalle (23,9%) is die woord in die oorspronklike vorm behou, gevolg deur *wndr*, wat deur 22% van die respondente gebruik is. Met betrekking tot konsekwentheid is dit belangrik om op te merk dat twee respondente *wnr* vir *wonder* gebruik, maar dat ander respondente dieselfde vorm ook vir *wanneer* gebruik. Dus moet die vorm *wnr* binne konteks gelees word.

Tabel 11. Skryfwyse van *wonder*

wonder	**n**	**%**
wonder	26	23,9
wndr	24	22,0
woner	15	13,8
wone	12	11,0
wondr	12	11,0
woord uitgelaat	5	4,6
wonne	3	2,8
wonner	2	1,8
wnde	2	1,8
wnr	2	1,8
wonde	2	1,8
wnde	2	1,8
gewoner	1	0,9
wonr	1	0,9
Totaal	109	100

Daar bestaan dus heelwat variasie in die wyse waarop standaardtaal in SMS-taal uitgedruk word. Uit die voorgaande bespreking is duidelik twee soorte verkortings aangetref: verkorting na aanleiding van uitspraak en blote weglating van letters. By die uitspraakverkorting is veral die volgende aangetref:

Fonetiese spelling: baja (baie), di (die), hu (hoe), hys (huis), i (ŉ), kofi (koffie), pastykies (pasteitjies), tu (toe).

- [d]-weglating (Coetzee 1988:97; Combrink en De Stadler 1987:84): anrs, anes, aners (anders), byi (by die), salit (sal dit), woner, wonner en wonr (wonder), vani (van die).
- Schwa-weglating (Combrink en De Stadler 1987:88): trug (terug).
- [m]-weglating (Coetzee 1988:96): ko j (kom jy).
- [n]-weglating (Coetzee 1988:97-98): diti (dit nie), heki (hek nie) ka oz en ka ns (kan ons).
- [r]-weglating (Coetzee 1988:98): ho hie (hoor hier), kee (keer), ma (maar), vi di (vir die) wa is (waar is).
- Klisis (Coetzee 1988:89; Combrink en De Stadler 1987:181): byi (by die), waars, was (waar is).
- Vokaalreduksie (Coetzee 1988:89): vinag (vinnig); waner (wanneer).

5.2.3 Engelse woorde, logogramme en klank- of simboolwaardes

Kodewisseling – die meng van tale in ŉ gesprek – word in SMS-taal gebruik om verkorting moontlik te maak (Bautista 2004:230). Hierteenoor het Carrier en Benitez (2010:182) bevind dat kodewisseling in SMS'e nie noodwendig gebruik word ter verkorting van die boodskap nie. In hierdie studie het 26,9% (n=29) respondente wel Engelse inhoud in die vorm van woorde, logogramme en klank- of simboolwaardes gebruik.

Soos in ander tale in die literatuur (Crystal 2008:128–9) geïdentifiseer, word Engelse woorde direk in die SMS'e gebruik. Sommige van hierdie woorde is egter wel verkort. Voorbeelde hiervan, uit die ontlede data, sluit in: *c*, *u*, *check*, *chow*, *thanx*, *thx*, *tnx* en *wknd*.

Uit die data is daar ook logogramme (Crystal 2008:37) met Engelse waardes geïdentifiseer. Hier kan verwys word na die logogram *d* wat na die woord *die* of die getal *2* wat na *toe* kan verwys. Crystal (2008:62) het ook hierdie intertalige logogramontlening tussen Engels en Italiaans aangetref. Crystal (2008:130) identifiseer ook kodevermenging wat tussen verskillende tale en Engels kan plaasvind. Dit is ook in die data van hierdie ondersoek aangetref waar konstruksies soos *huis2* (*huis toe*) en *cn* (sien) gebruik is.

Getalle en logogramme is in die data ook volgens klankwaarde, soos in ander tale (Crystal 2008:131–41), gebruik. Voorbeelde hiervan sluit in *x*/*X* (*ek's*), *6de* (*sesde*), *g2n* (*gaan*), *h6r* (*hoor*), *danq*/*danQ* (*dankie*), *3e* (*derde*), *naw3k* (*naweek*) en *wan3r* (*wanneer*). Hierdie soort gebruik kom egter nie konsekwent tydens respondente-interaksie of in hulle eie SMS-boodskappe voor nie.

ŉ Voorbeeld hiervan is die woord *sukses* wat deur geen respondent as *suk6* geskryf is nie, al is die getal *6*(byvoorbeeld by *6de*) deur 85% van die respondente gebruik (n=92).

5.2.4 Betekenisverandering

Die SMS-boodskappe van 11 respondente (10%) het, veral weens die verkorting, 'n betekenisverandering ondergaan. By die tekste van hierdie respondente is bywoorde soos *later*, *nou*, *vinnig* en *vanaand* uitgelaat, sowel as enkele selfstandige naamwoorde, soos *kaart* (respondente 37 en 54), *koffie* (respondente 37 en 81),*pasteitjies* (respondente 37, 53 en 81), *môre* (respondente 23 en 81) en *naweek* (respondente 23 en 81). By enkele gevalle is woorde vervang, soos die gebruik van die voornaamwoord *my* in plaas van *jou* in die SMS-respons (respondent 23): "Nee, my aansoek was onsuksesvol" wat oorspronklik "Ag nee, jou aansoek was toe nie suksesvol nie" was. Hierdie weglatings lei tot groot veranderings in die betekenis van die oorspronklike boodskap, maar weens die kunsmatige aard van hierdie deel van die ondersoek kan daar nie enige veralgemenings oor die betekenisverlies by SMS'e in die algemeen gemaak word nie. Verder impliseer die gebruik van die medium ook dat ontvangers van SMS-boodskappe wel die gesprek kan verder voer ten einde die korrekte boodskap te ontvang.

Een van die respondente (54) het ten spyte van die weglating van baie woorde wel die betekenis tot 'n groot mate oorgedra.

Tabel 12. Respondent 54 se terugvoer

	Oorspronklike weergawe	Respondent 54
a)	Hoekom? Hoor hier ons moet vinnig koffie drink en pasteitjies eet.	? Kofi en pstytie gu!
b)	Wanneer kom jy terug huis toe? Vanaand?	Wne km j hys tu? Vnand?
c)	Ek wonder hoe dit met jou gaan.	Hu gn dt.
d)	Dankie. Sien jou die sesde.	Tnxq. Sien 6e
e)	Ek sal dit nie môre of die naweek kan maak nie.	Ek sal dit nie more of die naweek kan maak nie.
f)	Waar is jy? Ek gaan nou maar klas toe.	Wa jy? gn klas tu.
g)	Help! Vir die derde keer werk my kaart nie by die hek nie. Ek's klaar laat.	Hlp, km hek tu.
h)	Ag nee, jou aansoek was toe nie suksesvol nie.	sorry
i)	'n Deel van die werk is vir my baie lekker.	za is lekke
j)	Anders kan ons doen wat ons wil.	Anders kn ns nt chil

Veral die vorme by f), g) en h) hier bo toon hoe verkorting die betekenis kan vernou of selfs verander. Dit is ook onduidelik wat met die gebruik van *za* (i) in hierdie teks bedoel word. Alhoewel hierdie respondent se response 'n uiterste vorm van verkorting toon, gee dit wel 'n indruk van die mate waarin verkorting toegepas word.

Hoewel verkorting by SMS-taal 'n funksie kan verrig, is die verandering van betekenis wel 'n probleem en verdere navorsing omtrent hierdie aspek is nodig.

5.2.5 Samevatting

Die empiriese data ondersteun die literatuur ten opsigte van inkonsekwentheid en niestandaardvorme wat by SMS-taal aangetref word. Uit die ontledings is dit duidelik dat daar nie net by verskillende respondente variasie is nie, maar ook by individue se verskillende SMS-boodskappe. Dus blyk dit dat SMS-taal, weens inkonsekwente spelling, anders is as wat in die media (Saal 2012; Snyman 2011:11) as tipiese SMS-taal voorgehou word. By enkele woorde in die data kom algemene vorme wel reeds na vore (soos *hkm*, *hu* en *gan*), maar dit is nie oor die algemeen die geval nie. Die spelling van verkorte vorme volg die uitspraakpatroon van woorde of bepaalde letters (gewoonlik vokale of konsonante wat verdubbel) word weggelaat.

In hierdie studie het die data wel die ontleding beperk, aangesien slegs tien boodskappe (92 woorde) gebruik is. Die moontlikhede wat deur SMS-gebruikers gebruik/geskep kan word, is dus deur hierdie boodskappe nie net beperk in terme van die navorsingspopulasie nie, maar ook deur die bronboodskappe wat aan die respondente verskaf is. Dus sou die bevindings van hierdie studie met 'n groter korpus van SMS-taal geverifieer moet word.

6. Gevolgtrekking

Ten spyte van die feit dat taalgebruik nie altyd konsekwent is nie (vgl. 2.2), moet daar by bepaalde standaarde gehou word ter wille van kommunikasie. By SMS-taal kom daar egter verkortings en niestandaardspellings voor wat nie konsekwent toegepas word nie, tog blyk dit verstaanbaar te wees vir gebruikers daarvan. SMS-Afrikaans kan verder, soos Internetafrikaans (Jansen van Vuuren 2007:308), as 'n genre van Afrikaans binne die konteks van 'n bepaalde medium beskou word.

SMS-taal is verwant aan rekenaarondersteunde kommunikasie en die taalvorm is nie beperk tot SMS'e nie. Taalverandering en taalkonsekwentheid is aspekte wat nie net op SMS-taal 'n invloed het nie en moet met verwysing na die literatuur binne 'n wyer taalkonteks beskou word. By SMS-taal word hierdie twee sake anders benader en veral die invloed wat SMS-taal op taalgebruik in die algemeen het, word in die literatuur en media negatief beskou. Die vaardigheid om SMS-taal effektief te gebruik, toon egter kreatiewe gebruik van taal en 'n goeie vlak van fonologiese bewustheid. Die tegniese konteks waarin SMS-taal funksioneer, kan 'n invloed hê op die wyse waarop taal gebruik word. Juis die groottebeperkings op boodskappe dwing gebruikers om tekste te verkort. Dit is nie duidelik of SMS-taal by geskrewe of gesproke taal hoort nie en dit kan eerder as 'n hibriede vorm beskou word. Verskeie eienskappe van SMS-taal, en spesifiek SMS-Afrikaans, is uit die literatuur duidelik en is ook in die data aangetref. Enkele van die moontlike kontekstuele faktore wat 'n invloed op die verkorting van SMS-tekste kan hê, is ondersoek en SMS-tekste van 'n groep universiteitstudente is ontleed.

Die empiriese deel van die artikel toon dat manstudente in hierdie studie SMS-tekste meer verkort as vroulike studente. Die soort selfoon blyk nie 'n invloed op die verkorting van SMS-tekste te hê nie. Die feit dat Afrikaans 'n student se moedertaal is, die gebruik van Engelse inhoud en die verandering van betekenis het egter wel korter SMS-tekste tot gevolg gehad.

Verder is daar van respondente verwag om boodskappe oor te skryf in SMS-Afrikaans. Die ontleding van hierdie response toon verskillende vorme van fonetiese spelling asook die uitlating van vokale, diftonge en 'n konsonant by konsonante wat verdubbel. Die gebruik van Engelse woorde, logogramme en klank- of simboolwaardes is ook aangetref. Uit die ontleding is dit egter duidelik dat hierdie vorme nie konsekwent deur die navorsingpopulasie of selfs deur individue gebruik word nie. Deur die verkorting word die betekenis vernou of selfs heeltemal verander.

Dus word verkorting op verskillende wyses, soms soortgelyk aan Engels, by SMS-taal in Afrikaans toegepas en bestaan daar nie konsekwentheid by SMS-taalgebruikers oor die algemeen of selfs by individue in hierdie studie nie.

Die veld van taalkonsekwentheid, veral met betrekking tot SMS-taal, verg egter verdere korpuslinguistiese ondersoeke.

Bibliografie

3GPP (3rd Generation Partnership Project). 2011. *Technical Specification Group Core Network and Terminals; Alphabets and language-specific information.* TS 23.038 V10.0.0. http://www.3gpp.org/ftp/Specs/archive/23_series/23.038/23038-a00.zip
(9 Julie 2011 geraadpleeg).

Baker, P. 2010. Corpus methods in linguistics. In Litosseliti (red.) 2010.

Baron, N.S. 2008. *Always on: language in an online and mobile world.* Oxford: Oxford University Press.

Bautista, M.L.S. 2004. Tagalog-English code switching as a mode of discourse. *Asia Pacific Education Review*, 5(2):226–33.

Bezuidenhout, C. 2008. Ons eie klein tydbomme. *Beeld*, 25 Augustus, bl. 4.

Borochovsky-Bar-Aba, E. en Y. Kedmi. 2010. The nature of SMS discourse: The case of Hebrew. *Folia Linguistica*, 44(1):1–30.

Botha, T.J.R. (red.). 1989. *Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde*. Pretoria: Academica.

Carrier, L.M. en S.Y. Benitez. 2010. The effect of bilingualism on communication efficiency in text messages (SMS). *Multilingua*, 29:167–83.

Choudhury, M., R. Saraf, V. Jain, A. Mukherjee, S. Sarkar en A. Basu. 2007.

Investigation and modeling of the structure of texting language. *International Journal on Document Analysis and Recognition*, 10(3–4):157–74.

Coetzee, A.E. 1988. *Fonetiek*. Pretoria: Academica.

Combrink, J.G.H. 1990. *Afrikaanse morfologie*. Kaapstad: Academica.

Combrink, J.G.H. en L.G. de Stadler. 1987. *Afrikaanse fonologie*. Halfweghuis: Southern Boekuitgewers.

Crystal, D. 1997. *The Cambridge encyclopedia of language*. Cambridge: Cambridge University Press.

—. 2008. *Txtng: the gr8 db8.* Oxford: Oxford University Press.

Deumert, A. en S.O. Masinyana. 2008. Mobile language choices – The use of English and isiXhosa in text messages (SMS): Evidence from a bilingual South African sample. *English World-Wide*, 29(2):117–47.

Du Plessis, H. 1990. Die beskrywing van sintaktiese variasie in Afrikaans. *Acta Academica*, 22(3):145–56.

Freudenberg, K. 2009. Investigating the impact of SMS speak on the written work of English first language and English second language high school learners. Ongepubliseerde MPhil-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.

Hendricks, F. 2012. Die potensiële nut van ’n gelykevlak-perspektief op die variëteite van Afrikaans. In Prah (red.) 2012.

Herring, S.C. 2007. A Faceted Classification Scheme for Computer-Mediated Discourse. *Language@Internet*, 4(1). http://www.languageatinternet.de/articles/2007/761 (9 September 2011 geraadpleeg).

Heyns, D. 2009. SMS-Afrikaans. In Hugo (red.) 2009.

Hudson, R.A. 1996. *Sociolinguistics.* Cambridge: Cambridge University Press.

Hugo, D. (red.). 2009. *Halala Afrikaans.* Pretoria: Protea.

ITU (International Telecommunication Union). 2001. *E.161 Arrangement of digits, letters and symbols on telephones and other devices that can be used for gaining access to a telephone network.* http://www.itu.int/rec/dologin_pub.asp?lang=e&id=T-REC-E.161-200102-I!!PDF-E&type=items (9 Julie 2011 geraadpleeg).

Jansen van Vuuren, M. 2007. Die internet as platform vir ’n nuwe Afrikaanse spraakgemeenskap en ’n nuwe variëteit – ’n korpuslinguistiese ondersoek. Ongepubliseerde PhD-proefskrif, Noordwes-Universiteit.

Jordaan, W. 2008. Die lewe in lettergrepies en afkortings. *Beeld*, 3 Julie, bl. 10.

Kotzé, E. 2009. Hoe standaard kan ’n taal wees? Perspektiewe op die teenstrydighede van Afrikaans. http://www.argief.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&ciid=1270&news_id=75742 (17 April 2013 geraadpleeg).

Langacker, R.W. 1973. *Language and its structure: some fundamental linguistic concepts.* New York: Harcourt Brace Jovanovich.

Ling, R. 2005. The socio-linguistics of SMS: An analysis of SMS use by a random sample of Norwegians. In Ling en Pedersen (reds.) 2005.

Ling, R. en P. Pedersen (reds.). 2005. *Mobile communications: Renegotiation of the social sphere.* Londen: Springer.

Litosseliti, L. (red.). 2010. *Research methods in linguistics*. Londen: Continuum.

Milroy, J. en L. Milroy. 1999. *Authority in language: Investigating Standard English*. New York: Routledge.

Mostari, H.A. 2009. What do mobiles speak in Algeria? Evidence from SMS language. *Current Issues in Language Planning*, 10(4):377–86.

Powell, D. en M. Dixon. 2011. Does SMS text messaging help or harm adults’ knowledge of standard spelling? *Journal of Computer Assisted Learning*, 27:58–66.

Prah, K.K. (red.). 2012. *Veelkantiger Afrikaans: Streeksvariëteite in die standaardvorming*. Kaapstad: CASAS.

Raidt, E.H. 1989. Ontwikkeling van vroeë Afrikaans. In Botha (red.) 1989.

Saal, E. 2012. ?n goi bgrp htms n hwe wrd ndg? SMS-taal in advertensies. Ongepubliseerde kongresreferaat. Gesamentlike jaarkongres van die LVSA, SAALA en SAVTO. Bloemfontein, 25–29 Junie.

Sapir, E. 1921. *Language: an introduction to the study of speech*. New York: Harcourt Brace.

Snyman, D. 2011. Ouma ni gr8, so Roi-^ gan ky-ir. *Beeld*, 10 Junie, bl. 11.

Tagg, C. 2009. A corpus linguistics study of SMS text messaging. Ongepubliseerde DPhil-proefskrif, Universiteit van Birmingham.

Tagliamonte, S.A. en D. Denis. 2008. Linguistic ruin? LOL! Instant messaging and teen language. *American Speech*, 83(1):1–34.

Thurlow, C. en A. Brown. 2003. Generation txt? The sociolinguistics of young people’s text-messaging. *Discourse Analysis Online*, 1(1). http://www.shu.ac.uk/daol/articles/v1/n1/a3/thurlow2002003-paper.html (28 April 2011 geraadpleeg).

Verhoef, M. 2001. Die internet as dinamiese taalomgewing: taalveranderingsverskynsels in internetafrikaans. *Literator*, 22(3):1–19.

Wannisinghe, J. 2011. Semiotic Analysis of Short Message Service (SMS). *International Journal of Communicology* 1(1):11–9.

Winzker, K., F. Southwood en K. Huddlestone. 2009. Investigating the impact of SMS speak on the written work of English First Language and English Second Language high school learners. *Per Linguam*, 25(2):1–16.

Eindnota

[1] Suria Ellis van die Statistiese Konsultasiediens van die NWU was behulpsaam met die statistiese ontleding deur middel van Statistica-sagteware.